


Republiek van Suid-Afrika

Republic of South Africa



Buitengewone
Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(REGULASIEKOERANT No. 818)

Prys 10c Price
 Oorsee 15c Overseas
 POSVRY - POST FREE

(REGULATION GAZETTE No. 818)

VOL. 26.]

PRETORIA, 11 AUGUSTUS 1967.
 11 AUGUST

[No. 1809.

PROKLAMASIE

VAN DIE WAARNEMENDE STAATSPRESIDENT VAN DIE
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 184, 1967.]

Bevoegheid verleen aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank om bevele en reëls uit te vaardig wat, direk of indirek, verband hou met aangeleenthede wat 'n uitwerking of enige betrekking het op kredietverlening deur bankinstellings.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), soos gewysig, maak ek hierby die volgende regulasie:—

1. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, bevele en reëls uitvaardig wat, direk of indirek, verband hou met of enige betrekking het op kredietverlening, ongeag die vorm daarvan, deur enige instelling wat geregistreer of voorlopig geregistreer is onder die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), soos gewysig.

2. Enige bevele of reëls waarna in paragraaf 1 van hierdie regulasie verwys word, sal in werking tree op die datum wat gespesifiseer is in die kennisgewing in daardie paragraaf vermeld, of by gebrek aan spesifikasie, vanaf die datum van publikasie daarvan.

3. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, deur 'n verdere kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige kennisgewing wat ingevolge paragraaf 1 van hierdie regulasie gepubliseer is, wysig, verander of terugtrek met ingang van die datum wat in sodanige verdere kennisgewing gespesifiseer is en, by gebrek aan spesifikasie, die datum van publikasie daarvan.

4. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur skriftelike of ander mededeling, welke kennisgewing of mededeling gewysig, verander of teruggetrek kan word deur middel van 'n verdere kennisgewing in die *Staatskoerant* of mededeling, na gelang van die geval—

(a) enige of al sodanige bevele en reëls in die geheel of gedeeltelik van toepassing maak op enige enkele instelling of op enige groep of kategorie van instellings of op alle instellings wat aldus geregistreer of voorlopig geregistreer is;

(b) voorwaardelik of onvoorwaardelik, in die geheel of gedeeltelik, enige enkele instelling of enige groep of kategorie van instellings wat aldus geregistreer of voorlopig geregistreer is, vrystel van enige of al sodanige bevele en reëls.

5. Enige instelling aldus geregistreer of voorlopig geregistreer wat versuim om te voldoen aan die bepalinge van enige kennisgewing wat kragtens paragrafe 1, 3 en 4 van hierdie regulasie gepubliseer is

PROCLAMATION

BY THE ACTING STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC
 OF SOUTH AFRICA.

No. R. 184, 1967.]

Powers conferred upon the South African Reserve Bank to make orders and rules which, directly or indirectly, relate to matters which affect or have any bearing upon credit extension by banking institutions.

Under the powers vested in me by section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act No. 9 of 1933), as amended, I hereby make the following regulation:—

1. The South African Reserve Bank may, with the approval of the Minister of Finance, by notice in the *Gazette* make orders and rules which, directly or indirectly, relate to or have any bearing upon credit extension irrespective of the form thereof by any institution registered or provisionally registered under the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965), as amended.

2. Any orders and rules referred to in paragraph 1 of this regulation shall come into operation on the date specified in the notice mentioned in that paragraph and, failing specification, from the date of publication thereof.

3. The South African Reserve Bank may, with the approval of the Minister of Finance, by means of a further notice in the *Gazette* amend, alter or withdraw any notice published in terms of paragraph 1 of this regulation with effect from the date specified in such further notice and, failing specification, from the date of publication thereof.

4. The South African Reserve Bank may, with the approval of the Minister of Finance, by notice in the *Gazette* or by written or other communication, which notice or communication may be amended, altered or withdrawn by means of a further notice in the *Gazette* or communication as the case may be—

(a) apply any or all such orders and rules in whole or in part to any single institution or to any group or category of institutions or to all institutions so registered or provisionally registered;

(b) conditionally or unconditionally exempt in whole or in part any single institution or any group or category of institutions so registered or provisionally registered from any or all such orders and rules.

5. Any institution so registered or provisionally registered which fails to comply with the provisions of any notice published in terms of paragraphs 1, 3 or 4 of this regulation or any written or other com-

of enige skriftelike of ander mededeling waarna in paragraaf 4 van hierdie regulasie verwys word, sal skuldig wees aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete van nie minder nie as R25,000 (vyf-en-twintigduisend rand) maar nie meer nie as R250,000 (tweehonderd-en-vyftigduisend rand): Met dien verstande dat, indien daar ná verloop van 'n tydperk wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gespesifiseer mag word en wat gereken sal word vanaf die datum van sodanige skuldigbevinding, in die geheel of gedeeltelik in gebreke gebly word om te voldoen aan die voornoemde bepalings, die genoemde instelling aan 'n verdere misdryf skuldig sal wees en by skuldigbevinding strafbaar sal wees met 'n verdere boete, die bedrag waarvan tussen die voornoemde limiete sal val.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tweede dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.
N. DIEDERICHS.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. R. 1182.] [11 Augustus 1967.
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956,
ARBITRASIE TOEKENNING. — BROODBAK-
EN/OF BANKETBAKNYWERHEID, WIT-
WATERSRAND.

Ek, MARAIS VILJOEN, Minister van Arbeid, verklaar hierby kragtens artikel 49 (5), gelees met artikel 49 (4) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die arbitrasietoekening vir die Broodbak- en/of Banketnywerheid, Witwatersrand, wat by Goewermentskennisgewing No. 707 van 8 Mei 1959 gepubliseer is, met uitsondering van klousule 13 (2) daarvan, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, ophou en bindend te wees.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

No. R. 1183.] [11 Augustus 1967.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

MOTORNYWERHEID.

WYSIGING VAN NASIONALE GESONDHEIDS-
FONDSOOREENKOMS.

Ek, MARAIS VILJOEN, Minister van Arbeid, verklaar hierby kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hieronder die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Motornywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1969 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir dié werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

munication referred to in paragraph 4 of this regulation, shall be guilty of an offence and be liable on conviction to a fine of not less than R25,000 (twenty-five thousand rand) but not exceeding R250,000 (two hundred and fifty thousand rand): Provided that, if after the lapse of a period which may be specified by the South African Reserve Bank and which shall commence to run from the date of any such conviction, the failure to comply with the aforementioned provisions continues in whole or in part, the said institution shall be guilty of a further offence and be liable on conviction to a further fine the amount of which shall fall within the aforementioned limits.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Second day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.
N. DIEDERICHS.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. R. 1182.] [11 August 1967.
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, ARBITRA-
TION AWARD.—BAKING AND/OR CONFEC-
TIONERY INDUSTRY, WITWATERSRAND.

I, MARAIS VILJOEN, Minister of Labour, hereby in terms of section 49 (5), read with section 49 (4) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the Arbitration Award in respect of the Baking and/or Confectionery Industry, Witwatersrand, published under Government Notice No. 707 of the 8th May, 1959, except clause 13 (2) thereof, shall cease to be binding with effect from the second Monday after the date of publication of this notice.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

No. R. 1183.] [11 August 1967.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

MOTOR INDUSTRY.

AMENDMENT OF NATIONAL HEALTH
FUND AGREEMENT.

I, MARAIS VILJOEN, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Industry shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June, 1969, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

BYLAE.

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID.

OOREENKOMS

aangegaan ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheids-
versoening, 1956, soos gewysig, deur en tussen

The S.A. Motor Industry Employers' Association, en
The S.A. Vehicle Builders' and Repairers' Association

aan die een kant, en

The Motor Industry Staff Association,

The Motor Industry Employees' Union of South Africa, en

Motor Industry Coloured Workers' Union

aan die ander kant, wat die partye is by die Nasionale Nywer-
heidsraad vir die Motornywerheid.

Die Ooreenkoms (Nasionale Gesondheidsfonds), gepubliseer by
Goewermentskennisgewing No. R. 786 van 30 Mei 1967, word
hierby soos volg gewysig:—

KLOUSULE 7.—BYDRAES.

Deur in paragraaf (1) (a) van hierdie klousule R1.55 deur
R1.75 te vervang.

Namens die partye op hede die 2de dag van Junie 1967, te
Johannesburg onderteken.

F. J. HACKNEY,
President van die Raad.

Namens die partye op hede die 8ste dag van Junie 1967, te
Kaapstad onderteken.

F. C. PINNOCK,
Onderpresident van die Raad.

Namens die partye op hede die 2de dag van Junie 1967, te
Johannesburg onderteken.

H. G. RINGROSE,
Sekretaris van die Raad.

SCHEDULE.

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY.

AGREEMENT

entered into in accordance with the provisions of the Industrial
Conciliation Act, 1956, as amended, by and between

The S.A. Motor Industry Employers' Association, and
The S.A. Vehicle Builders' and Repairers' Association

of the one part, and

The Motor Industry Staff Association,

The Motor Industry Employees' Union of South Africa, and

Motor Industry Coloured Workers' Union

of the other part, being parties to the National Industrial Council
for the Motor Industry.

The Agreement (National Health Fund) published under
Government Notice No. R. 786 of 30 May, 1967, is hereby
amended as follows:—

CLAUSE 7.—CONTRIBUTIONS.

By the substitution in paragraph (1) (a) of this clause of R1.75
for R1.55.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 2nd day
of June, 1967.

F. J. HACKNEY,
President of the Council.

Signed at Cape Town on behalf of the parties this 8th day of
June, 1967.

F. C. PINNOCK,
Vice-President of the Council.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 2nd day
of June, 1967.

H. G. RINGROSE,
Secretary of the Council.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. R. 1181.] [11 Augustus 1967.

**REGULASIES VIR DIE LISENSIËRING VAN PERSELE.—WYSIGING VAN GOEWERMEN-
TENS-KENNISGEWING No. R. 920 VAN 25 JUNIE 1965.**

Ingevolge artikel 38 (8) (b) van die Bantoes (Stads-
gebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945),
wysig ek, BARZILLAI COETZEE, Adjunk-minister van
Bantoe-administrasie en -onderwys, namens die Minister
van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, na voorlegging
aan die betrokke Administrateur en op versoek van
genoemde plaaslike bestuur, Goewermentskennisgewing
No. R. 920 van 25 Junie 1965, soos in die bygaande Bylae
uiteengesit met ingang van die datum van afkondiging
hiervan.

B. COETZEE,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie
en -onderwys.

BYLAE.

Goewermentskennisgewing No. R. 920 van 25 Junie
1965, word hierby gewysig deur die toevoeging van die
volgende plaaslike bestuur se naam aan die Bylae:—

Natal.—Umhlanga Rocks.

A.15/1693.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. R. 1181.] [11 August 1967.

**REGULATIONS FOR THE LICENSING OF PREMISES.—AMENDMENT OF GOVERNMENT
NOTICE No. R. 920, DATED 25TH JUNE, 1965.**

In terms of section 38 (8) (b) of the Bantu (Urban
Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945),
I, BARZILLAI COETZEE, Deputy-Minister of Bantu
Administration and Education, on behalf of the Minister
of Bantu Administration and Development, hereby, after
reference to the Administrator concerned and at the
request of the local authority referred to, amend Govern-
ment Notice No. R. 920, dated 25th June, 1965, as set out
in the Schedule hereto, with effect from the date of
publication hereof.

B. COETZEE,
Deputy-Minister of Bantu Administration
of Education.

SCHEDULE.

Government Notice No. R. 920, dated 25th June, 1965,
is hereby amended by the addition of the following local
authority's name to the Schedule:—

Natal.—Umhlanga Rocks.

A.15/1693.

No. R. 1202.] [11 Augustus 1967.

**DIE WET OP BANTOE-ARBEID, 1964.—
MAANDELIKSE GELDE BETAALBAAR.**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die
bevoegdheid hom verleen by artikel 28 van die Wet op
Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), die Een-en-
veertigste Bylae van die Bantoe-arbeidsregulasies, 1965,
afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1892 van
1965, te wysig deur na die woord „Tweeling” die woorde
en syfer „Van der Kloof..... 5” in te voeg.

No. R. 1202.] [11 August 1967.

**BANTU LABOUR ACT, 1964.—
MONTHLY FEES PAYABLE.**

The State President has been pleased, under and by
virtue of the powers vested in him by section 28 of the
Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), to amend
the Forty-first Schedule to the Bantu Labour Regulations,
1965, promulgated under Government Notice No. R. 1892,
dated 3rd December, 1965, by the insertion, after the
word “Tweeling”, of the words and figure “Van der
Kloof..... 5”.

INHOUD.

No.	PROKLAMASIE.	BLADSY
R. 184.	Proklamasie ingevolge die Wet op Betaal- middels en Wisselkoerse, No. 9 van 1933	1
Departement van Arbeid.		
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.		
R.1182.	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Arbitrasietoekenning: Broodbak- en/of Banketbaknywerheid, Witwatersrand ...	2
R.1183.	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Motornywerheid	2
Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.		
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.		
R.1181.	Regulasies vir die Lisensiering van Per- sele: Wysiging van Goewerments- kennisgewing	3
R.1202.	Wet op Bantoe-Arbeid, 1964: Maande- likse Gelde Betaalbaar	3

CONTENTS.


No.	PROCLAMATION.	PAGE
R. 184.	Proclamation in Terms of the Currency and Exchanges Act, No. 9 of 1933 ...	1
Department of Bantu Administration and Development.		
GOVERNMENT NOTICES.		
R.1181.	Regulations for the Licensing of Premises: Amendment of Government Notice ...	3
R.1202.	Bantu Labour Act, 1964: Monthly Fees Payable	3
Department of Labour.		
GOVERNMENT NOTICES.		
R.1182.	Industrial Conciliation Act, 1956: Arbitration Award: Baking and/or Confectionery Industry, Witwatersrand	2
R.1183.	Industrial Conciliation Act, 1956: Motor Industry	2

Nuttige wenke—

1. Adresseer alle poststukke volledig, duidelik en sonder misleidende afkortings.
2. Plaas u eie adres agterop die koevert of omslag.
3. Moenie muntstukke of ander harde artikels in briewe insluit nie.
4. Gebruik posorders of poswissels wanneer geld deur die pos gestuur word.
5. Verpak pakkette behoorlik. Gebruik sterk houers en dik papier en bind dit stewig vas.
6. Maak seker dat die posgeld ten volle vooruitbetaal is.
7. Plak die posseëls in die boonste regterhoek van die koevert of omslag.
8. Verseker u pakkette en registreer waardevolle briewe. Dokumente wat slegs teen hoë koste vervang kan word, moet verkieslik verseker word.
9. Pos vroegtydig en dikwels gedurende die dag. Poststukke wat tot op die laaste oomblik teruggehou word kan vertraging veroorsaak.
10. Verstrek u volledige posadres aan u korrespondente asook u posbusnommer waar van toepassing.

Useful Hints—

1. Address all mail fully, clearly and without misleading abbreviations.
2. Place your own address on the back of the envelope or wrapper.
3. Do not enclose coins or other hard objects in letters.
4. Send remittances by Postal Order or Money Order.
5. Pack parcels properly, using strong containers and heavy paper. Tie securely.
6. Prepay postage fully.
7. Place postage stamps in the upper right hand corner of the envelope or wrapper.
8. Insure your parcels and register valuable letters. Documents which can only be replaced at considerable cost should preferably be insured.
9. Post early and often during the day. Mail held until the last moment may cause delay.
10. Give your correspondents your correct post office address including your box number where applicable.



Wapen van die
Provinsie Transvaal

In Kleure

Groot ongeveer 11 duim by 9 duim

PRYS:

12c per eksemplaar, posgeld ekstra.

Verkrygbaar by die Provinsiale Publikasiesmagasyn,
Posbus 2346, Pretoria.



The
Province of Transvaal

*Coat of Arms
In Colours*

Size approximately 11 inches by 9 inches

PRICE:

12c per copy, postage extra.

Obtainable from the Provincial Publications Store,
P.O. Box 2346, Pretoria.